

- *Klaskamers word met ligte kleure geverf om hitte te verlaag*
- *Die vraghouers kan versier word met kunswerke*

Bron: Cargo of Dreams

Grafika: JACO GROBBELAAR

Vraghouers in skole omskep

KAAPSTAD. – Kleurvolle verskepingshouers sal eersdaags talle verwaarloosde kleuterskole in die Mbekweni-woonbuurt in die Paarl vervang.

Dié uitreikprojek, Cargo of Dreams, is 'n inisiatief wat deur kerkgemeentes in Suid-Afrika en Amerika van stapel gestuur is. Ou verskepingshouers van onderskeidelik twaalf en ses meter lank word in Amerika aangekoop en deelnemende kerke en gemeenskapsorganisasies hier vat dan hande om dit in klaskamers, oftewel *edutainers*, te omskep.

Volgens mnr. Marius van der Colff, een van die stigterslede, wil Amerikaners graag behoeftiges in Suid-Afrika help. "Ek het agt jaar in Amerika gewoon en die probleem is dat Amerikaners nie altyd Suid-Afrika toe kan vlieg nie, maar hulle wil steeds help."

Die Coast Hills Community Church in Kalifornië het besluit om ou vraghouers aan te koop, dit te restoureer en in 'n kleurvolle kleuterskool te verander. Vir die klaskamers word die groter vraghouers gebruik, terwyl die kleiner vraghouers as 'n toegeruste kombuis en badkamer ingerig word.

Hierna word die voltooide *edutainers* na Suid-Afrika verskeep waar dit deur klein groepe van die NG kerk Paarlberg stelselmatig by kleuterskole in die Mbekweni-omgewing geïnstalleer sal word.

"Ons het op tien kleuterskole besluit wat dit die meeste benodig. Die gedagte is om Mbekweni as 'n proeflopie te gebruik en dit verder na ander landelike gebiede en selfs Mosambiek uit te brei."

Die projek is egter nie 'n nuwe inisiatief nie.

Ander maatskappy het reeds vraghouers vir soortgelyke projekte gebruik.

Op 23 Julie word die eerste *edutainers* by die Langabuya-kleuterskool opgerig. – **Arnold Ras**